Ges 25: 1, 2. **Moeder en Seun.** Olifn 13 Mrt 49
Ps 68: 3, 5. Joh. 19: - Fam. bande
Ges 118: 4. - Arbeid onder Jeug
- [illegible]
-

Joh. 19: 26, 27 — „Vrou, daar is u seun!" ....
„Daar is jou moeder!"

By die kruis van Jesus staan daar ook — sy Moeder! Watter openbaring van die liefde van 'n moeder vir haar kind! // Saam i/d veed. stal v B. — saam 30 jr lank in Nas. — saam i/d uur van sy dood! Watter moed, groot liefde nie genoeg om daar te staan!

Watter smarte nie haar siel deurboor in dd. oomblikke nie! Hoe moes haar hart nie uitgaan na haar seun i/d uur van sy diepste smaad en vernedering!

Maria (Eliz. Eybers).

'n Engel self het dit gebring
die vreugde-boodskap — en jy het
'n lofsang tot Gods eer gesing
Maria, nooi uit Nasareth!

Maar toe Josef van jou wou skei
en mense-agterdog jou pla,
het jy kon dink, eenmaal sou HY
die hele wêreldskande dra?

Die nag daar i/d stal — geen een
om in jou nood by jou te staan —
Het jy geweet dat Hy alleen
Gethsemané sou binnegaan?

Die wyse uit die Ooste kom
om nederig hulde te betoon;
wis sy hoe die soldate Hom
as Koning v.d. Jode sou kroon?

En toe Hy in jou arms lê,
Sy mondjie teen jou volle bors,
het jy gemeet dat Hy sou sê,
toe dit te laat was: „Ek het dors!"

Toe dit verby was, en sy met
Sy vriend Johannes huis-toe gaan —
Maria, vrou van smarte, het
sy toe d. bksk. goed verstaan?

- Simeon se voorspelling 33 jr gelede: nou verstaan!
- wat sy alles moet aanskou — Hoe magteloos
sy self is: nie drankie water, nie sweet afvee
nie klam hoof streel ... — Baie moeders al
gely en geworstel by sterfbed hulle kind —
maar geen moeder soveel verduur as Maria!

- Jesus: wat dink Hy? Wat voel Hy?
Wat sê Hy? — Bokant Homself hier oomblik
uitlewe in sy smart ens.: sal Hy nog tyd
hê vir die smart & lyding van sy eie mense?
„Toe Jesus Sy moeder sien staan, en die dissipel
wat Hy liefgehad het, by haar ..."
- Johannes se teenwoordigheid: wat beteken —
ander het gestaan, mr. die twee wat J.
die liefste gehad het daar naby!

En Jesus?

① Vrou: Verduidelik (3 maal direk
Sy moeder aangespreek: tempel - bruilof - hier)

Wat sal Hy sê? Nalaat? Gee?
— Geen geld — arm, arm. Al erfenis op stapel.
gebied sy Klere: en dié is verdeel! Niks.
- Nee, laat haar na wat meer werd
is as al d. geld v.d. wêr.: 'n Kind
wat haar sal liefhê, bemin, versorg, vermaan!
En sy: aanvaar dit met innige dank!
Jesus nie te goed geweet: Sy moeder
met haar teer, innige, liefdevolle, gevoelige
natuur nooit tuis, gelukkig by een
wat Jesus nog nie liefgehad het!
— Johannes: sy voorreg & sy verantwoordelikheid.
hoe hy dit aanvaar!

Wat ons leer?

① Gewilligheid van 'n moeder om haar
dierbaarste as 'n offer aan d. Here
te bring: nie onwillig, histeries,
rasend ens. ..

② Jesus maak voorsorg vir die tydelike
behoefte v.d. agterblywendes
- Ons plig - ons voorreg

(3) <u>Jesus leer ons ons ouers te eer tot die dood</u>

(4) <u>Die groot waarde van opregte vriendskap</u>: